# GEREFORMEERDE SKOOL DIRK POSTMA

**Kleuter- en Laerskool**
Cunninghamlaan 1182
WAVERLEY, 0186
**Telefoon**: (012) 332-3222 x1
**e-posadres**: gsdp@gsdp.org.za
**Posadres:**
Posbus 31120
TOTIUSDAL, 0134
**Webwerf**: www.dirkpostma.co.za

**Hoërskool**
Dickensonlaan 1174
WAVERLEY, 0186
**Telefoon**: (012) 332-3222 x2
**e-posadres**: hsadmin@gsdp.org.za
**Posadres:**
Posbus 31120
TOTIUSDAL, 0134
**Webwerf**: www.dirkpostma.co.za

# INFO: 14 FEBRUARIE 2020

Geagte ouers, lede, vriende en personeel

"Die skool is in goeie hande."

Die bestuur het hierdie week vergader; 'n onbaatsugtige diens wat die lede aan die skool lewer - laat aande en baie ekstra verantwoordelikhede. Om "dankie te sê" het die gr 12-Verbruikerstudie-leerlinge, saam met juffrou Janie Vogel, 'n driegang-maaltyd voorberei en aan GSDP-Bestuur bedien. Dit was 'n lekker bederf! Baie dankie! (Sien die foto's in hierdie Info.)

Die akademie gaan volstoom voort. Die onderwysers is goed voorbereid en die leerlinge ontvang klas van uitstekende gehalte en leer hard vir die toetsreeks.

Die netbal en rugby het begin en die gr 4- tot gr 7-netbalspelers het 'n kursus deurloop, aangebied deur me Melinda de Goede van Gauteng Netbal. Die afrigters het baie wenke ontvang en die dogters het lekker hard geoefen.

Wanneer (nie as nie) u hierdie Info lees, is GSDP se telefoonsisteem en rekenaarsentrum amper in 'n werkende toestand. GSDP kan reeds uitgaande oproepe maak, maar nog nie oproepe ontvang nie. Ons vra om verskoning vir hierdie ongerief, maar is daarvan oortuig dat die nuwe sisteem gaan werk. U kan die skool via die e-posadres en tydelike landlyn (087-997-1762) bereik.

Ons is in proses om nuwe heinings te installeer vir ekstra sekuriteit. Die hoërskool se heinings is afgehandel, die kleuter- en laerskool is in proses.

Die laerskool se ingang te Cunninghamlaan is in proses van opgradering. Die installering is byna afgehandel. Baie dankie aan die skenkers vir die mooi nuwe hek. Sommige persone op die terrein beweer dat *McDonalds* nou nie weer verby sal ry nie, maar sal sien dat hier ook 'n skool is. Dit is nie die eintlike rede nie, maar ons is trots op ons skool en ons gemeenskap.

In bogenoemde sien ons die seën van die Here wat ons elke dag ontvang. Ons is in nederigheid baie dankbaar.

"In Sy Hande is ons veilig!"

Dirkie-groete

**Mnr HJJ Visser**
KLEUTER- EN LAERSKOOLHOOF
GSDP-BEDRYFSPAN - VOORSITTER

# BEPLANNER: 14 FEBRUARIE - 31 MAART 2020

| | | | |
|---|---|---|---|
| **F E B R U A R I E** | | | |
| Vr | 14 Feb | GSDP | Info |
| | | Laerskool | Verkoping: Kleuterskool |
| Di | 18 Feb | Laerskool | Toetsreeks begin |
| Wo | 19 Feb | DirkiesKoop | Bestellings oop |
| Vr | 21 Feb | Laerskool | Verkoping: Gr 7-afskeid (ouerkomitee) |
| Sa | 22 Feb | Laerskool | ICO-byeenkoms te Pietersburg |
| | | Hoërskool | Spanbou |
| Wo | 26 Feb | DirkiesKoop | Bestellings sluit |
| Vr | 28 Feb | GSDP | Info |
| | | Laerskool | Verkoping: Veldskool 2020 |
| **M A A R T** | | | |
| Ma | 2 Maart | Laerskool | Fotografieklub begin |
| | | Laerskool | Inkleurklub begin |
| Wo | 4 Maart | Hoërskool | PerfectLife Loopbaanskou |
| | | DirkiesKoop | Produkte haal |
| Do | 5 Maart | Laerskool | Oupa- en ouma-tee |
| Vr | 6 Maart | Laerskool | Verkoping: Gold Reef City 2020 |
| Di | 10 Maart | Laerskool | Fotodag |
| Vr | 13 Maart | GSDP | Info |
| | | Laerskool | Verkoping: Gr 7-fonds |
| Sa | 14 Maart | Kleuterskool | Werkdag |
| Ma | 16 Maart | Laerskool | Veldskool: Gr 7-leerlinge vertrek |
| Di | 17 Maart | Laerskool | Pa- en seunaand |
| Do | 19 Maart | Laerskool | Gr 1 - gr 3: Oueraand |
| | | Laerskool | Verkoping: Netbal |
| Vr | 20 Maart | GSDP | Skool sluit |
| Di | 31 Maart | GSDP | Skool open |

---

# ALGEMEEN

## KOPLUISE

Hierdie onding het onlangs by (veral) die laerskool sy kop uitgesteek. Dit is 'n netelige kwessie om van kopluise en nete ontslae te raak.

Ons versoek dat elke ouer u kind(ers) se koppe sal nagaan vir enige kopluise. U moet dit asseblief met die regte middels behandel en toesien dat u kind(ers) nie kopluise het nie.

'n Leerling met kopluise mag ongelukkig nie skool toe kom nie. Ons sal, indien ons vind dat u kind(ers) kopluise het, u skakel en versoek dat u u kind(ers) kom haal. U kind mag, as al die kopluise en nete verwyder is, weer terugkom skool toe.

Lees op die laaste bladsy van hierdie Info bietjie meer oor kopluise.

## D6-KOMMUNIKASIE

Tans is die D6-kommunikasie-sisteem vir ons 'n uitdaging - ons hoop dat dit nou weer werk, wanneer ons hierdie Info stuur.

D6

Registrasie op D6-toep: Indien u nie op die skool se D6 geregisteer is nie, sal u geen "nuus / inligting" van die skool ontvang nie. Laai asseblief die "D6-connect"-skakel af, deur middel van die **swart D6-blokkie** en volg die stappe, soos versoek. Skakel asseblief vir mev Irene van der Meer, indien u hiermee hulp benodig.

Ter inligting: As u die Info ontvang, laai dit af, maar ... as u dit nie dadelik op u selfoon se skerm sien nie (maw die bladsy is swart of leeg), gaan na die skakel "my files" op u selfoon. Die Info behoort dan in u "downloads" te lê.

## BERG-PRETLOOP - 10 AUGUSTUS 2020

Die wedloop vind plaas op DV Maandag, 10 Augustus 2020. Mnr Hendrik Mattheus is aan stuur van sake vir die dag. Indien daar ouers, familie of vriende is wat hierby betrokke wil wees, skakel asseblief die skoolkantore met u besonderhede. Hierdie dag kan alleen 'n sukses wees as almal hierby betrokke raak. Noteer solank die datum in u dagboek.

## VAKATURE - GR 10- TOT GR 12-FASILITEERDER

Sien hierdie Info vir die advertensie.

## HERWINNING

Ons het in alle erns met die herwinningsprojek te GSDP begin.

Hierdie jaar herwin ons meer as net papier. Om ons lig effens helderder te laat skyn. wil ons die leerlinge graag meer leer van herwinning en hoe om na die aarde om te sien.

**<u>Blikkies, glas, papier, plastiek, koeldrank- en plastiek botteldoppies</u>**: Stuur asseblief hierdie items saam met u kind skool toe, sodat hy / sy dit in die houers wat daarvoor geplaas is, kan sit.

<u>Papier</u>: Alle papier skenk ons aan die hoërskool, wat die geld wat hulle daaruit ontvang, aanwend vir die gr 10-toer.
<u>Glas</u>: Ons neem elke jaar aan die provinsionale kompetisie deel en ontvang jaarliks hiervoor 'n klein bedraggie.
<u>Ander items</u>: Ons ontvang nie enige iets uit die ander items nie, maar ons kan hiermee toesien vir die herwin en gebruik van die items.

Ondersteun asseblief hierdie projek: Oral op die terrein is houers geplaas waarin u herwinningsitems kan sit.

# HOëRSKOOL

## ALGEMEEN

Baie dankie: Baie dankie aan elke ouer wat soveel moeite met hul kind(ers) doen: aanry na byeenkomste, die vinnige "kom haal - planne verander" as ons waterparkdag uitreën, ekstra klasse, ensovoorts. So bou ons saam aan leerlinge wat as meelewende Christene die wêreld in kan gaan.

**Parkering**: Wat die oplaai van leerlinge op 'n Vrydagmiddag betref, is die volgende tussen GSDP en AROS ooreengekom:

Ons gaan die hele sypaadjie aan die boonste kant van Dickensonlaan beskikbaar stel vir ouers om hul kind(ers) op te laai. Ons versoek dat ouers van GSDP, wat hul kind(ers) by die skool oplaai, ook die blou GSDP-plakker by die skoolkantoor kry en op u voertuig se venster plak. Dit sal ons help om ouers en studente se voertuie te onderskei en so beheer uitoefen oor wie op die sypaadjie mag parkeer en wie in die parkie moet parkeer (AROS-studente). Wees maar geduldig met die sekuriteit as hulle u vra om u voertuig te skuif, totdat u die plakker op u venster het. Hulle doen net hulle werk om die parkeerprobleem te minimaliseer. Ons vra ook dat ouers hierdie parkering as 'n op- en aflaai-sone gebruik en nie lank daar sal staan nie. Ons vra om verskoning vir die ongerief tydens die oorgang-stadium.

## AKADEMIE

**Toetsreeks**: Die hoërskool se toetsreeks is fluks aan die gang. Onthou asseblief dat ons hierdie punte as basis sal gebruik vanwaar ons kan verbeter en ekstra hulp kan identifiseer, soos nodig.

**Gr 12-registrasie - GDO**: Die gr 12-leerlinge se registrasie by die departement vir hul NSC is ingedien.

**Gr 10- en gr 11-registrasie:** Ons gaan binnekort die gr 10- en gr 11-leerlinge se inligting insamel en verifieer vir registrasie by die departement.

## SPORT

**Atletiek: Maragon - Vrydag, 21 Februarie:** Die leerlinge ontvang volgende week 'n skrywe en antwoordbrief.

**Atletiek: Naboomspruit-byeenkoms:** Die byeenkoms was 'n groot sukses. Ons het teen "sterk" skole deelgeneem en die leerlinge het goed presteer.

**Rugby:** Die leerlinge ontvang binnekort meer inligting oor die rugby. Ons is besig om die reëlings te finaliseer.

**Netbal:** Die netbalspanne vir die liga is geregistreer. Ons sien uit na 'n baie lekker seisoen.

## KULTUUR

**DirkiesHengel:** Ons begin hierdie jaar met DirkiesHengel onder leiding van mnr Jaco Pretorius. Ons sien uit na "luilekker harde werk, visvang en sonroom". Die leerlinge het reeds 'n skrywe ontvang.

DirkiesHengeldatums:
Saterdag, 4 April
Saterdag, 23 Mei
Saterdag, 22 Augustus
Saterdag, 17 Oktober

**"Happy Island"-uitstappie:** Hierdie uitstappie, wat geskeduleer was vir Saterdag, 8 Februarie, moes ons ongelukkig, as gevolg van die reën, uitstel. Hopelik is ons besig om die uitstappie te geniet, terwyl u hierdie Info lees. Ons het dit herskeduleer vir Vrydag, 14 Februarie.

**ATKV - Cum-laude renoster F-kalender-kompetisie 2019:** Baie geluk aan die leerlinge wat aan hierdie kompetisie deelgeneem het. Anlé Spies se skets is in die kalender onder Oktober ingesluit.

---

# LAERSKOOL

## ALGEMEEN

**Pa- en seun(s)aand:** Op Dinsdag, 17 Maart vind ons jaarlikse pa- en seun(s)aand plaas. Noteer asseblief die datum in u dagboek. Ons is besig met die beplanning hieromtrent en kommunikeer meer inligting binnekort met u.

## TOETSROOSTER

Die toetsreeks begin op Dinsdag, 18 Februarie. Die leerlinge moet asseblief die tyd benut om te beplan en voor te berei vir die toetsreeks. Die gr 4-leerlinge se ouers moet asseblief aan hul kind(ers) hulp verleen. Elke gr 4- tot gr 7-leerling ontvang vandag die toetsrooster. Ons plaas dit vervolgens vir u aandag.

### TOETSROOSTER: Februarie / Maart 2020

| | GR 4 | GR 5 | GR 6 | GR 7 |
|---|---|---|---|---|
| **Dinsdag, 18 Feb** | Bybelonderrig | Bybelonderrig | Bybelonderrig | Bybelonderrig |
| **Donderdag, 20 Feb** | SW | SW | Kerkgeskiedenis | Kerkgeskiedenis |
| **Vrydag, 21 Feb** | - | - | - | EBW (per 5) |
| **Dinsdag, 25 Feb** | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde |
| **Donderdag, 27 Feb** | Nat & Tegn | Nat & Tegn | Nat & Tegn | NW |
| **Vrydag, 28 Feb** | - | - | - | Tegnologie (per 2) |
| **Dinsdag, 3 Maart** | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans |
| **Donderdag, 5 Maart** | LO | LO | LO | LO |
| **Vrydag, 6 Maart** | Engels | Engels | Engels | Engels |
| **Dinsdag, 10 Maart** | Kerkgeskiedenis | Kerkgeskiedenis | SW | SW |

## VELDSKOOL

Die gr 7-leerlinge vertrek op Maandag, 16 Maart op veldskool te Hartbeeshoek. U het reeds skrywes oor die bedrag van die veldskool, ensovoorts ontvang. Alle veldskoolgeld moet teen Vrydag, 7 Maart inbetaal wees.

## SPORT

Baie dankie aan al die atlete wat so getrou die oefeninge bywoon en aan byeenkomste deelneem. Dit is lekker om te sien hoe elke atleet sy / haar beste gee en dit geniet. Ons bedank ook elke toeskouer vir u getroue ondersteuning.

**Balmoral:** Baie, baie dankie aan elke atleet en ouer wat hierdie (kort) byeenkoms bygewoon het. Die byeenkoms is as gevolg van swaar weer vroeg gestaak, maar dit waaraan die leerlinge kon deelneem, was baie mooi. Dankie dat elke atleet sy / haar beste gegee het.

**ICO-atletiek te Pietersburg**: Ons laaste byeenkoms vir 2020 is op Saterdag, 22 Februarie vir die ICO-uitnodigingsbyeenkoms te Pietersburg. Die atlete ontvang binnekort die finale inligting. Ons beplan om met 'n bus daarheen en terug te ry. Ons versoek dat so veel as moontlik atlete en ouers die byeenkoms bywoon.

**Netbal:** Die netbalseisoen het reeds begin: die gr 4- tot gr 7-spelers het hierdie week 'n netbalkursus bygewoon en dit baie geniet. Die netbalbrief vir deelname, is reeds uitgedeel.

**Rugby:** Die o/11- tot o/13-rugbyspelers het reeds met hul oefening begin. Hulle neem op Saterdag, 29 Februarie aan 'n 7's-toernooi te Eduplex deel. Die spelers het reeds 'n skrywe hieromtrent ontvang. Indien u kan help met afrigting, kontak asseblief mnr Erik Visser (erik.visser@gsdp.org.za).

## KULTUUR

**DirkiesHengel**: Ons begin hierdie jaar met DirkiesHengel onder leiding van mnr Jaco Pretorius. Die laerskoolleerlinge ontvang binnekort 'n skrywe met meer inligting.

Dagboek asseblief die volgende datums:
Saterdag, 4 April
Saterdag, 23 Mei
Saterdag, 22 Augustus
Saterdag, 17 Oktober

## FOTODAG

Die laerskool se fotodag vind plaas op Dinsdag, 10 Maart. Op hierdie dag gaan die fotograaf net die individuele- en klasfoto's neem. Ons doen later in die jaar die sport- en buitemuurse foto's. Die leerlinge ontvang binnekort meer inligting.

## REDENAARS

Baie dankie aan elke redenaar vir deelname aan die redenaarsmiddag van Maandag, 3 Februarie. Julle het pragtig geredeneer.

Belangrike datums vir alle belangstellendes:

| | |
|---|---|
| Saterdag, 15 Februarie: | Sluitingsdatum vir ATKV-inskrywings |
| Vrydag, 17 April: | ATKV-kompetisie |

## HEKTYE

**Codonialaan: Hektye vanaf Maandag tot Vrydag:**

Open: 06:45 Sluit: 07:40
Open: 12:45 Sluit: 14:10

Indien u u kind(ers) voor 06:45 by die skool aflaai, is die enigste toegang tot die perseel via Cunninghamlaan. Leerlinge wat laat is, gebruik die hek te Cunninghamlaan en meld by die kantoor aan.

Ons versoek dat ouers nie op die kerkterrein "kuier" nie. Die hekwag het opdrag om die hek om 14:10 te sluit.

## OUPA- EN OUMA-TEE

Ons beplan vir Donderdag, 5 Maart (11:00 - 12:00) 'n oupa- en ouma-tee vir ALLE oupa's en ouma's van GSDP. Dagboek asseblief hierdie datum. Ons stuur binnekort die uitnodiging.


# KLEUTERSKOOL

## KLEUTERSKOOL KENMEKAAR


Baie dankie aan almal wat saam gekuier het. Dit is lekker om mekaar informeel te ontmoet. Ons vertrou dat elke kleuterskoolouer en elke kleuter alreeds tuis voel in Dirkieland.

---

Nou beskikbaar by Dirkies Koop:




PsalmboekVol 1-
inkleurboek
R45 elk




Leer-Luister saam -
preekboekie vir kinders
R50 elk

Dirkies Koop
www.dirkieskoop.gsdp.org.za
Gereformeerde Skool Dirk Postma se aanlyn Winkel

FONTEIN
uitgewery







## Pretoria Moot

Opleiding in die werking van die Japanese Abakus.


- Abakus Wiskunde lê 'n sterk fondasie vir optel, aftrek, maal en deel.
- Dit bou selfvertroue, IK en werkspoed.

Klasgelde: Laerskole R460 per maand oor 10 maande.
Kwartaaliks : R1150

Kleuterskole R390 per maand oor 10 maande.

Kwartaaliks : R975

R550 vir die beginnerspak wat boeke, abacus, skryfbehoeftes en 'n sak insluit.



**Registreer aanlyn:**
**www.abacusmaths.co.za**


Meer inligting: Carin Kruger 0798844916

# ARBEIDSTERAPIE



**Arbeidsterapiedienste beskikbaar**
**by die Gereformeerde Skool Dirk Postma**

* VOLLEDIGE EVALUASIE (SENSORIES, GROOT- + FYNMOTORIES, PERSEPSIE)
* WEEKLIKSE TERAPIESESSIES (30 MIN /45 MIN)
* GROEPTERAPIESESSIES
* TUISPROGRAMME
* OUERBEGELEIDING
* SKOOLGEREEDHEIDTOETSING



<u>Kontakbesonderhede</u>:
Marjolein de Wit
Tel: 076-920-1870
E-pos: medewitOT@gmail.com

# WISKUNDEHULP

## Gr 4- tot gr 7-leerlinge

Vir 'n beter BEGRIP, 'n hoër PRESTASIE en 'n PASSIE vir Wiskunde

Waar: Aangebied te GSDP
Wanneer: Dinsdae, Woensdae en Donderdae
Tyd: 14:00 – 16:00

Kontak: Marianne Bron
w/a: 082-302-0 119
Epos: mbron374@gmail.com

**Gereformeerde Skoolvereniging Dirk Postma**

Posbus 31120
TOTIUSDAL
0134

TEL (012) 332-3222
FAKS 086-750-2505
e-pos: gsdp@gsdp.org.za
web: www.gsdp.org.za

AFLEWERINGSADRES:
Cunninghamlaan 1182
Waverley
0186


Februarie 2020

# Vakature

## Gr 10 tot 12: Fasiliteerder
## Deeltydse pos

<u>Aanstellingsdatum</u>: 1 Maart – 30 November 2020

Indien u deel wil wees van 'n gelowige, gemotiveerde en entoesiastiese span van 40 personeellede en indien u glo in onderwys vanuit God se Woord, wat hand-aan-hand loop met hoë akademiese standaarde, verneem ons graag van u.

**Vereistes: Die kandidaat <u>MOET</u>:**
- Lidmaat wees van 'n kerk in die GKSA- of VGKSA-kerkverband.
- Gereformeerd wees in leer en lewe.
- Vlot Afrikaans magtig wees.
- 'n Deeltydse student wees.
- 'n Registrasie by SARO besit - sal voordelig wees.

**Posbeskrywing:**
- Fasilitering van leerlinge wat buitebaanvakke loop.
  - Rekeningkunde, Besigheidstudies, Lewenswetenskap, Geografie
- Hulp met sportafrigting soos bv. rugby, sagtebal en buitemuurse aktiwiteite.
- *Ad hoc* aktiwiteite, soos nodig

**Aansoeke: Indien u aan bogenoemde vereistes voldoen, voorsien ons van die volgende:**
- 'n Volledige Curriculum Vitae in Afrikaans;
- Afskrifte van kwalifikasies en professionele registrasies indien van toepassing;
- Getuigskrif vanaf u huidige predikant;
- 'n Motiveringsbrief wat beskryf waarom u uself as geskik ag vir die pos;
- Ten minste twee verwysings van vorige werkgewers.

**Handig bogenoemde in teen DV 21 Februarie 2020 aan een van die volgende:**
- Per e-pos: jaco.pretorius@gsdp.org.za
- Per harde kopie: hoërskoolkantoor: Dickensonlaan 1184, Waverley, Pretoria

Indien u, nadat u aansoek ingedien is, niks van ons verneem nie, moet u asseblief aanneem dat u aansoek onsuksesvol was.

Die Gereformeerde Skool Dirk Postma is 'n onafhanklike, Gereformeerde skool in Waverley, Pretoria, met ± 400 leerlinge in die kleuter-, laer- en hoërskool.

**Mnr JG Pretorius**
Hoërskoolhoof

***NB: GSDP behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.***

**GSDP-BESTUUR**



Van links na regs: Mevv Adri v/d Wetering, Susan Mathee, Mnre Jaco Pretorius, Erik Visser, Henk v/d Veen en Jan Drijfhout. Mnr Freek v/d Meer het die foto geneem.

**Verbruikerstudie-leerlinge 2020 & Mev Janie Vogel**



INSTITUUT VIR
CHRISTELIKE ONDERWYS
AKSIE REFORMATORIESE SKOOLONDERWYS

Hoofkantoor
Posbus 31120, Totiusdal, 0134 • Dickensonlaan 1180, Waverley, Pretoria, 0186
T: 012 332 3222 • F: 086 750 2505 • E: saskiameijer67@gmail.com • S: 082 491 4965

## Kursus:
## Boustene vir Christelik Normatiewe Onderwys

# NUWE DATUM

10 Februarie 2020

Geagte ouers, en onderwysers

Die volgende datum wat vir die kursus: **Boustene vir Christelike Normatiewe Onderwys** geskeduleer is, is Saterdag 29 Februarie 2020.

Die kursus is ontwerp om die kennis oor onderwys wat die Here vir ons in sy Woord leer, te verbeter. Terugvoer wat ons van kursusgangers ontvang is oorweldigend positief wat groot rede tot dankbaarheid is.

Ons vertrou dat hierdie kursus waarde sal toevoeg aan hoe u voortaan na die onderwys kyk.

Daar is agt modules wat deur verskillende aanbieders hanteer word. Aan die einde van die kursus skryf u 'n kort evalueringstoets waarna u 'n sertifikaat ontvang.

| | |
|---|---|
| **Datum van aanbieding:** | Saterdag 29 Februarie 2020 |
| **Tyd:** | 7:45 tot 13:30 |
| **Plek:** | GSDP - Rekenaarsentrum |
| **Kostes:** | R120 per persoon (Kursusmateriaal en ligte verversings) |
| **RSVP:** | Voor of op 18 Februarie by saskiameijer@ico.org.za |

Ons vertrou dat u van hierdie geleentheid, waar ons as ouers en onderwysers hande kan vat, gebruik sal maak. Op hierdie wyse kan die kennis ten opsigte van Gereformeerde onderwys vrugbaar in praktyk toegepas word.

Vriendelike groete
**Saskia Meijer**
Uitvoerende hoof

Lewensiklus van die kopluis (Pediculus humanus capitis)

DIE kopluis is 'n insek van die orde Anoplura en is 'n ektoparasiet waarvan die mens die enigste gasheer is. Die luis drink verskeie kere per dag die bloed van sy gasheer en hou naby die kopvel om sy liggaamstemperatuur te handhaaf.

DAAR is drie stadiums in die lewensiklus van die kopluis: eier, nimf en volwasse luis.

Eiers: Die eiers van kopluise noem ons nete en 'n mens sien dit nie maklik raak nie en kan dit met skilfers of druppeltjies haarsproei verwar. Die volwasse luiswyfie lê die nete en heg by die basis van die haarskag die naaste aan die kopvel. Hulle is 0,8 mm by 0,3 mm, ovaalvormig en gewoonlik geel tot wit. Dit neem nete sowat 'n week om uit te broei (dit wissel tussen ses tot nege dae). Lewensvatbare eiers is gewoonlik binne 6 mm van die kopvel.

Nimfe: Wanneer die eier uitbroei, kom 'n nimf te voorskyn. Die dop van die neet verkleur tot 'n meer sigbare dowwe geel en bly aan die haarskag geheg. Die nimf lyk soos 'n volwasse kopluis, maar is omtrent so groot soos 'n kopspeld. Nimfe is volgroeid ná drie vervellings en raak volwasse ongeveer sewe dae nadat hulle uit die eiers gekom het.

Volwasse luise: Die volwasse luis is nagenoeg so groot soos 'n sesamsaadjie, het ses pote (elk met kloue) en is bruin tot gryswit. By mense met donker hare sal die volwasse luis donkerder lyk. Die wyfies is gewoonlik groter as die mannetjies en kan tot agt nete per dag lê. Volwasse luise kan tot dertig dae op 'n mens se kop leef. Volwasse luise moet verskeie kere per dag bloed inkry om aan die lewe te bly. Sonder die gereelde bloedmaaltye sal die luis binne een of twee dae vrek, nadat dit van sy gasheer geskei is.

Besmetting met kopluise is 'n baie algemene probleem en kom wêreldwyd voor - van lankal af. Die "slagoffers" is deesdae meestal voorskoolse en laerskoolleerling en kinders van drie tot tien jaar oud. Meisies word meer dikwels besmet as seuns, dalk omdat die meisies onder mekaar meer dikwels kop-kontak maak.

